# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG | WINDHOEK | PUBLISHED BY AUTHORITY

30c | Maandag 15 Maart 1982 | Monday 15 March 1981 | No. 4604


INHOUD:

*Bladsy*


**GOEWERMENTSKENNISGEWINGS**

No. AG. 32 Wet op die reëling van die toelating van persone tot die Republiek, 1972 (Wet 59 van 1972): Magtiging om dokumente te onderteken. 2

No. AG. 33 Distrik Keetmanshoop: Proklamering en klassifisering van 'n pad 2

No. AG. 34 Distrik Gobabis: Bekendmaking van 'n aansoek dat 'n gedeelte van plaaspad 1690 gesluit word 3

No. AG. 35 Goedkeuring in verband met titel van Regters van die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika 4

No. AG. 36 Distrik Otjiwarongo: Bekendmaking van 'n aansoek dat 'n gedeelte van Plaaspad 2470 gesluit word 4

No. AG. 37 Distrik Keetmanshoop: Bekendmaking van 'n aansoek dat 'n pad tot geproklameerde plaaspad verklaar moet word 5

No. AG. 38 Distrik Windhoek: Bekendmaking van 'n aansoek dat 'n gedeelte van Plaaspad 1487 gesluit word 6

No. AG. 39 Bepaling van tydperk kragtens artikel 1(2) van die Proklamasie op Amnestie, 1980 (Proklamasie AG. 3 van 1980) 7

No. AG. 40 Wet op Vreemdelinge, 1937: Vansverandering: Marbach na Liepsch 7

**PROKLAMASIE**

No. 2 Verklaring van Katutura (Uitbreiding 4) tot 'n goedgekeurde dorp 7

ADVERTENSIES


CONTENTS:

*Page*


**GOVERNMENT NOTICES**

No. AG. 32 Admission of persons to the Republic regulations Act, 1972 (Act 59 of 1972): Authority to sign documents 2

No. AG. 33 District of Keetmanshoop: Proclamation and classification of a road 2

No. AG. 34 District of Gobabis: Notification of an application that a portion of Farm Road 1690 be closed 3

No. AG. 35 Approval in connection with the title of Judges of the Supreme Court of South West Africa 4

No. AG. 36 District of Otjiwarongo: Notification of an application that a portion of Farm Road 2470 be closed 4

No. AG. 37 District of Keetmanshoop: Notification of an application that a road be declared a proclaimed Farm Road 5

No. AG. 38 District of Windhoek: Notification of an application that a portion of Farm Road 1487 be closed 6

No. AG. 39 Determination of a period under Section 1(2) of the Amnesty Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 3 of 1980) 7

No. AG. 40 Aliens Act, 1937: Change of surname: Marbach to Liepsch 7

**PROCLAMATION**

No. 2 Declaration of Katutura (Extension 4) to be an approved township 7

ADVERTISEMENTS

## Goewermentskennisgewings

KANTOOR VAN DIE

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

DEPARTEMENT VAN BURGERSAKE EN MANNEKRAG

No. AG. 32 1982

WET OP DIE REËLING VAN DIE TOELATING VAN PERSONE TOT DIE REPUBLIEK, 1972 (WET 59 VAN 1972) : MAGTIGING OM DOKUMENTE TE ONDERTEKEN

Kragtens artikel 53(2) van die Wet op die Reëling van die Toelating van Persone tot die Republiek, 1972 (Wet 59 van 1972), magtig die Ministersraad hierby Mnr. JACOBUS CORNELIUS STRYDOM, synde 'n amptenaar in die regeringsdiens, om 'n bevel, lasbrief, permit, sertifikaat of ander dokument wat kragtens genoemde Wet of uit hoofde van 'n bevoegdheid of plig kragtens genoemde Wet verleen of opgelê, deur 'n paspoortbeheerbeampte uitgereik kan word, te onderteken.

Op las van die Ministersraad

D.F. MUDGE
Voorsitter Windhoek, 12 Januarie 1982

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 33 1982

PROKLAMERING EN KLASSIFISERING VAN 'N PAD : DISTRIK KEETMANSHOOP

Hierby word —

(a) ingevolge artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), bekend gemaak dat die Ministersraad kragtens artikel 22(1) van genoemde Ordonnansie in die distrik Keetmanshoop 'n pad geproklameer en die loop daarvan bepaal het soos beskryf in die Bylae en aangetoon op sketskaart P1074; en

## Government Notices

OFFICE OF THE

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

DEPARTMENT OF CIVIC AFFAIRS AND MANPOWER

No. AG. 32 1982

ADMISSION OF PERSONS TO THE REPUBLIC REGULATION ACT, 1972 (ACT NO 59 OF 1972) : AUTHORITY TO SIGN DOCUMENTS.

Under section 53(2) of the Admission of Persons to the Republic Regulation Act, 1972 (Act 59 of 1972), the Council of Ministers hereby authorizes Mr. JACOBUS CORNELIUS STRYDOM, being an officer in the government service, to sign any order, warrant, permit, certificate or other document which may, under the said Act or by virtue of a power or duty conferred or assigned under the said Act, be issued by a passport control officer.

By order of the Council of Ministers

D.F. MUDGE
Chairman Windhoek, 12 January 1982

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 33 1982

PROCLAMATION AND CLASSIFICATION OF A ROAD : DISTRICT OF KEETMANSHOOP

It is hereby made known —

(a) in terms of section 22(2) of the Roads Orninance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), that the Council of Ministers has under section 22(1) of the said Ordinance in the district of Keetmanshoop proclaimed a road and defined the course thereof as described in the Schedule and indicated on sketch-map P1074; and

(b) ingevolge artikel 23(3) van genoemde Ordonnansie bekend gemaak dat die Ministersraad kragtens artikel 23(1) van genoemde Ordonnansie die geproklameerde pad bedoel in paragraaf (a) tot plaaspad (nommer 507) verklaar het.

Genoemde sketskaart is gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, ter insae beskikbaar.

BYLAE

Van 'n punt (H op sketskaart P1074) op grootpad 28 op die plaas Gedeelte 8 van Gedeelte A van Holoog 106 algemeen weswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (J op sketskaart P1074) op die gemeenskaplike grens van genoemde plaas en die Spoorwegreserwe van Holoogsylyn.

(b) in terms of section 23(3) of the said Ordinance that the Council of Ministers has under section 23(1) of the said Ordinance declared the proclaimed road referred to in paragraph (a) to be a farm road (number 507).

The said sketch-map is lying open to inspection during normal office hours at the office of the Secretary for Transport, Windhoek.

SCHEDULE

From a point (H on sketch-map P1074) on main road 28 on the farm Portion 8 of Portion A of Holoog 106 generally westwards across the said farm to a point (J on sketch-map P1074) on the common boundary of the said farm and the Railway-Reserve of Holoog Siding.

---

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 34 1982

BEKENDMAKING VAN 'N AANSOEK DAT 'N GEDEELTE VAN PLAASPAD 1690 GESLUIT WORD : DISTRIK GOBABIS

Kragtens artikel 16(3) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat aansoek by die Voorsitter van die Padraad van Gobabis gedoen is om die gedeelte van plaaspad 1690 wat in die Bylae beskryf word, te sluit.

'n Sketskaart (nommer P1128) van die betrokke streek waarop die pad waarop die aansoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Gobabis, ter insae beskikbaar wees.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde aansoek word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum van publikasie hiervan by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 12005, Ausspannplatz, 9000, in te dien.

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 34 1982

NOTIFICATION OF AN APPLICATION THAT A PORTION OF FARM ROAD 1690 BE CLOSED : DISTRICT OF GOBABIS

Under section 16(3) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), it is hereby made known that application has been made to the Chairman of the Roads Board of Gobabis to close the portion of farm road 1690 described in the Schedule.

A sketch-map (number P1128) of the area concerned on which the road to which the application refers and other proclaimed, minor and private roads in that area are shown, shall for the full period of thirty days mentioned hereunder lie open to inspection during normal office hours at the offices of the Secretary for Transport, Windhoek, and the Roads Superintendent, Gobabis.

Every person having any objection to the abovementioned application is hereby commanded to lodge his objection in writing with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 12005, Ausspannplatz, 9000, within thirty days from the date of publication hereof.

BYLAE

Van 'n punt (A op sketskaart P1128) op plaaspad 1833 op die plaas Volmoed 449 algemeen suidwaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (B op sketskaart P1128) op plaaspad 1690 op die gemeenskaplike grens van die plaas Volmoed 449 en die plaas Chrisville 456.

SCHEDULE

From a point (A on sketch-map P1128) on a farm road 1833 on the farm Volmoed 449 generally southwards across the said farm to a point (B on sketch-map P1128) on farm road 1690 on the common boundary of the farm Volmoed 449 and the farm Chrisville 456.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. AG. 35 1982

GOEDKEURING IN VERBAND MET TITEL VAN REGTERS VAN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUIDWES-AFRIKA

Daar word hiermee vir algemene inligting bekend gemaak dat die Administrateur-generaal goedgekeur het dat 'n regter van die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika gedurende sy ampstermyn die titel "Edele" voer en, by aftrede, in aanmerking kan kom vir goedkeuring om daardie titel daarna te behou.

DEPARTMENT OF JUSTICE

No. AG. 35 1982

APPROVAL IN CONNECTION WITH TITLE OF JUDGES OF THE SUPREME COURT OF SOUTH WEST AFRICA

It is hereby made known for general information that the Administrator-General has approved the according of the title "Honourable" to a judge of the Supreme Court of South West Africa during his term of office and that he, on retirement, may be eligible for approval to retain such title thereafter.

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 36 1982

BEKENDMAKING VAN 'N AANSOEK DAT 'N GEDEELTE VAN PLAASPAD 2470 GESLUIT WORD : DISTRIK OTJIWARONGO

Ingevolge artikel 16(3) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat aansoek by die Voorsitter van die Padraad van Otjiwarongo gedoen is om die gedeelte van plaaspad 2470 wat in die Bylae beskryf word, te sluit.

'n Sketskaart (nommer P1137) van die betrokke streek waarop die pad waarop die aansoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Otjiwarongo, ter insae beskikbaar wees.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde aansoek word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum van publikasie hiervan by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 12005, Ausspannplatz, 9000, in te dien.

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 36 1982

NOTIFICATION OF AN APPLICATION THAT A PORTION OF FARM ROAD 2470 BE CLOSED : DISTRICT OF OTJIWARONGO

In terms of section 16(3) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), it is hereby made known that application has been made to the Chairman of the Roads Board of Otjiwarongo to close the portion of farm road 2470 described in the Schedule.

A sketch-map (number P1137) of the area concerned on which the road to which the application refers and other proclaimed, minor and private roads in that area are shown, shall for the full period of thirty days mentioned hereunder lie open to inspection during normal office hours at the offices of the Secretary for Transport, Windhoek, and the Roads Superintendent, Otjiwarongo.

Every person having any objection to the abovementioned application is hereby commanded to lodge his objection in writing with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 12005, Ausspannplatz, 9000, within a period of thirty days from the date of publication hereof.

BYLAE

Vanaf 'n punt (A op sketskaart P1137) op distrikspad 2404 op die plaas Otutundu 204 algemeen suidsuidooswaarts en dan oosnoordooswaarts oor die plaas Otutundu 204 tot op 'n punt (A1 op sketskaart P1137) op genoemde plaas; van daar algemeen suidooswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (A2 op sketskaart P1137) op die gemeenskaplike grens van die plaas Otutundu 204 en die plaas Toscani 203; van daar algemeen suidwaarts oor laasgenoemde plaas tot op 'n punt (B op sketskaart P1137) op plaaspad 2470 naby die oostelike grens van die plaas Toscani 203, waar 'n privaatpad by genoemde plaaspad 2470 aansluit.

SCHEDULE

From a point (A on sketch-map P1137) on district road 2404 on the farm Otutundu 204 generally south-south-eastwards and then east-north-eastwards across the farm Otutundu 204 to a point (A1 on sketch-map P1137) on the said farm; thence generally south-eastwards across the said farm to a point (A2 on sketch-map P1137) on the common boundary of the farm Otutundu 204 and the farm Toscani 203; thence generally southwards across the last-mentioned farm to a point (B on sketch-map P1137) on farm road 2470 near the eastern boundary of the farm Toscani 203 where a private road joins the said farm road 2470.

---

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 37 1982

BEKENDMAKING VAN 'N AANSOEK DAT 'N PAD TOT GEPROKLAMEERDE PLAASPAD VERKLAAR MOET WORD : DISTRIK KEETMANSHOOP

Kragtens artikel 16(3) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat aansoek by die Voorsitter van die Padraad van Keetmanshoop gedoen is dat die pad wat in die Bylae beskryf word, tot geproklameerde plaaspad verklaar moet word.

'n Sketskaart (nommer P1118) van die betrokke streek waarop die pad waarop die aansoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Keetmanshoop, ter insae beskikbaar wees.

Iedereen wat enige besware het teen bogemelde aansoek word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum van publikasie hiervan by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 12005, Ausspannplatz, 9000, in te dien.

BYLAE

Van 'n punt (A op sketskaart P1118) op plaaspad 583 op die plaas gedeelte II van Donkermodder 60, algemeen suidsuidooswaarts oor genoemde plaas en die plase Restant van Donker-

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 37 1982

NOTIFICATION OF AN APPLICATION THAT A ROAD BE DECLARED A PROCLAIMED FARM ROAD : DISTRICT OF KEETMANSHOOP

Under section 16(3) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), it is hereby made known that application has been made to the Chairman of the Roads Board of Keetmanshoop that the road described in the Schedule be declared a proclaimed farm road.

A sketch-map (number P1118) of the area concerned on which the road to which the application refers and other proclaimed, minor and private roads in that area are shown, shall for the full period of thirty days mentioned hereunder lie open to inspection during normal office hours at the offices of the Secretary for Transport, Windhoek, and the Roads Superintendent, Keetmanshoop.

Every person having any objection to the abovementioned application is hereby commanded to lodge his objection in writing with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 12005, Ausspannplatz, 9000, within thirty days from the date of publication hereof.

SCHEDULE

From a point (A on sketch-map P1118) on farm road 583 on the farm Portion II of Donkermodder 60, generally south-south-eastwards across the said farm and the farms Remainder of Donker-

modder 60, Gedeelte I (Hoëveld) van Naauwpoort 304 en Restant van Naauwpoort 304 tot op 'n punt (A1 op sketskaart P1118) op die gemeenskaplike grens van laasgenoemde plaas en die plaas Kuchanas 59; van daar algemeen suidwaarts oor laasgenoemde plaas tot op 'n punt (B op sketskaart P1118) op grootpad 26 op genoemde plaas Kuchanas 59.

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 38 1982

BEKENDMAKING VAN 'N AANSOEK DAT 'N GEDEELTE VAN PLAASPAD 1487 GESLUIT WORD : DISTRIK WINDHOEK

Ingevolge artikel 16(3) van die Ordonnansie op Paaie 1972, (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat aansoek by die Voorsitter van die Padraad van Windhoek gedoen is om die gedeelte van plaaspad 1487 wat in die Bylae beskryf word, te sluit.

'n Sketskaart (nommer P1104) van die betrokke streek waarop die pad waarop die aansoek betrekking het en ander geproklameerde paaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Windhoek, ter insae beskikbaar wees.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde aansoek word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum van publikasie hiervan by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 12005, Ausspannplatz, 9000, in te dien.

BYLAE

Van 'n punt (A op sketskaart P1104) op plaaspad 1484 op die plaas Lauwater Ost 252 algemeen weswaarts oor genoemde plaas en die plaas Lauwater West 251 tot op 'n punt (B op sketskaart P1104) op die gemeenskaplike grens van laasgenoemde plaas en die plaas Springboktrek 266.

modder 60, Portion I (Hoëveld) of Naauwpoort 304 and Remainder of Naauwpoort 304 to a point (A1 on sketch-map P1118) on the common boundary of the last-mentioned farm and the farm Kuchanas 59; thence generally southwards across the last-mentioned farm to a point (B on sketch-map P1118) on main road 26 on the said farm Kuchanas 59.

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 38 1982

NOTIFICATION OF AN APPLICATION THAT A PORTION OF FARM ROAD 1487 BE CLOSED : DISTRICT OF WINDHOEK

In terms of section 16(3) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), it is hereby made known that application has been made to the Chairman of the Roads Board of Windhoek to close the portion of farm road 1487 described in the Schedule.

A sketch-map (number P1104) of the area concerned on which the road to which the application refers and other proclaimed roads in that area are shown, shall for the full period of thirty days mentioned hereunder lie open to inspection during normal office hours at the offices of the Secretary for Transport, Windhoek, and the Roads Superintendent, Windhoek.

Every person having any objection to the abovementioned application is hereby commanded to lodge his objection in writing with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 12005, Ausspannplatz, 9000, within thirty days from the date of publication hereof.

SCHEDULE

From a point (A on sketch-map P1104) on farm road 1484 on the farm Lauwater Ost 252, generally westwards across the said farm and the farm Lauwater West 251 to a point (B on sketch-map P1104) on the common boundary of the last-mentioned farm and the farm Springboktrek 266.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. AG. 39 1982

BEPALING VAN TYDPERK KRAGTENS ARTIKEL 1(2) VAN DIE PROKLAMASIE OP AMNESTIE, 1980 (PROKLAMASIE AG. 3 VAN 1980)

Kragtens subartikel (2) van artikel 1 van die Proklamasie op Amnestie, 1980 (Proklamasie AG. 3 van 1980), bepaal ek hierby dat 'n sertifikaat in subartikel (1) van daardie artikel bedoel, uitgereik kan word aan 'n persoon wat hom soos in genoemde subartikel (1) beoog, oorgee gedurende die tydperk vanaf 1 Maart 1982 tot en met 31 Mei 1982.

D.J. HOUGH
Administrateur-generaal Windhoek 26 Februarie 1982

DEPARTMENT OF JUSTICE

No. AG. 39 1982

DETERMINATION OF PERIOD UNDER SECTION 1(2) OF THE AMNESTY PROCLAMATION, 1980 (PROCLAMATION AG. 3 OF 1980)

Under subsection (2) of section 1 of the Amnesty Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 3 of 1980), I hereby determine that a certificate referred to in subsection (1) of that section may be issued to a person who surrenders himself as contemplated in the said subsection (1) during the period from 1 March 1982 up to and including 31 May 1982.

D.J. HOUGH
Administrator-General Windhoek 26 February 1982

DEPARTEMENT VAN BURGERSAKE EN MANNEKRAG

No. AG. 40 1982

WET OP VREEMDELINGE, 1937 : VANSVERANDERING: MARBACH NA LIEPSCH

Ingevolge artikel 9(1) van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), word hierby bekend gemaak dat die Administrateur-generaal DORIS ELISABETH MARION MARBACH woonagtig te Mavia Woonstel No. 2, WINDHOEK, kragtens genoemde artikel veroorloof het om die van LIEPSCH aan te neem.

DEPARTMENT OF CIVIC AFFAIRS AND MANPOWER

No. AG. 40 1982

ALIENS ACT, 1937 : CHANGE OF SURNAME: MARBACH TO LIEPSCH

In terms of section 9(1) of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), it is hereby made known that the Administrator-General has under the said section authorized DORIS ELISABETH MARION MARBACH residing at Mavia Flat No. 2, WINDHOEK, to assume the surname LIEPSCH.

# PROKLAMASIE

van die

UITVOERENDE KOMITEE VAN DIE BLANKES

No. 2 van 1982

VERKLARING VAN KATUTURA (UITBREIDING 4) TOT 'N GOEDGEKEURDE DORP

NADEMAAL die Uitvoerende Komitee van die Blankes 'n kennisgewing dat die bepalings van artikel 12 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) nagekom is, ontvang het;

# PROCLAMATION

by the

EXECUTIVE COMMITTEE OF THE WHITES

No. 2 of 1982

DECLARATION OF KATUTURA (EXTENSION 4) TO BE AN APPROVED TOWNSHIP

WHEREAS the Executive Committee of the Whites has received a notification that the provisions of section 12 of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963), have been complied with;

SO IS DIT dat, kragtens artikel 13 van genoemde Ordonnansie, die Uitvoerende Komitee van die Blankes hierby die gebied Katutura (Uitbreiding 4), voorgestel op Algemene Plan A. 186/80 (K. 199), tot 'n goedgekeurde dorp verklaar het en dat die voorwaardes waarop die aansoek om verlof tot stigting van die dorp toegestaan is in die Bylae uiteengesit word.

J.W.A. PRETORIUS
Voorsitter Windhoek 3 Februarie 1982

*Op las van die Uitvoerende Komitee van die Blankes*

BYLAE

STIGTINGSVOORWAARDES

1. NAAM VAN DORP

Die dorp heet KATUTURA (UITBREIDING 4).

2. SAMESTELLING VAN DORP

Die dorp bestaan uit 302 erwe genommer 6340 tot 6639 en 6655 tot 6656, 15 oop ruimtes genommer 6640 tot 6654 en strate soos aangedui op Algemene Plan A. 186/80 (K. 199).

3. GERESERVEERDE ERWE

Erwe 6341 tot 6358 en 6377 word vir die Plaaslike Bestuur gereserveer.

4. TITELVOORWAARDES

DIE VOLGENDE VOORWAARDES MOET TEN GUNSTE VAN DIE PLAASLIKE BESTUUR TEEN DIE TITELBEWYSE VAN ALLE ERWE, BEHALWE DIE ERWE IN PARAGRAAF 3 HIERBO GENOEM, GEREGISTREER WORD:

(a) Die eienaar of huurder van die erf is verplig om toe te laat —

(i) dat die waterpyplyne, stormwater-afvoerpype, rioolpype of elektriese kragtoevoerlyne, hetsy bogronds of ondergronds, wat die plaaslike bestuur nodig ag, oor die erf aangelê word op die wyse en plek wat die plaaslike bestuur van tyd tot tyd na oorlegpleging met die eienaar van die erf bepaal;

NOW, THEREFORE, under section 13 of the said Ordinance, the Executive Committee of the Whites hereby declares the area Katutura (Extension 4), represented on General Plan A. 186/80 (K. 199), to be an approved township, and the conditions upon which the application for permission to establish the township has been granted are set out in the Schedule.

J.W.F. PRETORIUS
Chairman Windhoek 3 February 1982

*By order of the Executive Committee of the Whites*

SCHEDULE

CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

1. NAME OF TOWNSHIP

The township shall be called KATUTURA (EXTENSION 4).

2. COMPOSITION OF TOWNSHIP

The township shall comprise 302 erven numbered 6340 to 6639 and 6655 to 6656, 15 open spaces numbered 6640 to 6654 and streets as indicated on General Plan A. 186/80 (K. 199).

3. RESERVED ERVEN

Erven 6341 to 6358 and 6377 are reserved for the Local Authority.

4. CONDITIONS OF TITLE

THE FOLLOWING CONDITIONS MUST BE REGISTERED IN FAVOUR OF THE LOCAL AUTHORITY, AGAINST THE TITLE DEEDS OF THE RELATIVE ERVEN, EXCEPT THE ERVEN MENTIONED IN PARAGRAPH 3 ABOVE:

(a) The owner or lessee of the erf shall be obliged to allow —

(i) such water pipelines, storm water drain pipes, sewer-pipes or electrical supply lines, either overhead or underground, which may be considered necessary by the local authority, shall be constructed across the erf in such a manner and in such a position as may from time to time be determined by the local authority after consultation with the owner of such erf;

(ii) dat enige materiaal wat uitgegrawe word gedurende die konstruksie, instandhouding of verwydering van enige waterpyplyn, stormwaterafvoerpyp, rioolpyp of elektriese kragtoevoerlyn, hetsy bogronds of ondergronds, tydelik op die erf geplaas mag word;

(iii) dat iedereen van wie dit vereis word om die erf te betree ten einde sy pligte in verband met sodanige konstruksie, instandhouding of verwydering of enige ander werk wat daarmee in verband staan, te verrig, die erf enige tyd mag betree, sonder dat enige vergoeding op die plaaslike bestuur verhaalbaar is: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur enige skade veroorsaak deur die plasing op of verwydering vanaf die erf van enige materiaal wat uitgegrawe word of deur sodanige konstruksie, instandhouding of verwydering, of enige ander werk wat daarmee in verband staan, vergoed.

(b) Die eienaar van die erf moet op eie koste een of meer keermure wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is, oprig om te verhinder dat enige gedeelte van die erf in 'n straat val of omgekeerd: Met dien verstande dat waar die eienaar van die erf reeds voordat die betrokke straat aangelê is, 'n keermuur, wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is, opgerig het en die betrokke straat word daarna op so 'n wyse aangelê dat dit tot gevolg het dat 'n nuwe keermuur opgerig moet word of dat 'n bestaande keermuur verander moet word om te verhinder dat enige gedeelte van die erf in die betrokke straat val, of omgekeerd, sodanige oprigting of verandering op koste van die plaaslike bestuur gedoen word.

(ii) any materials that may be excavated during the construction, maintenance and removal of any such water pipeline, storm water drain pipe, sewer-pipe or overhead or underground electrical supply line, to be placed on the erf temporarily;

(iii) any person who may be required to enter the erf in order to perform his duties pertaining to such construction, maintenance and removal, or any other work pertaining thereto, to enter the erf at all reasonable times,

without any compensation being recoverable from the local authority: Provided that any damage caused at the construction, maintenance or removal of any material or any other work pertaining thereto or any damage caused at the placing on or removal from the erf of any materials excavated, will be compensated by the local authority.

(b) The owner of the erf shall be responsible for the building, at his own cost, of one or more retaining walls to prevent any portion of the erf from falling into a street or vice versa: Provided that where the owner of the erf has constructed a retaining wall approved by the local authority before the street has been constructed, and such street is constructed subsequently on such a level that it necessitates the building of a new retaining wall or that the existing retaining wall has to be altered to prevent any part of the erf from falling into the street or vice versa, as the case may be, such construction or alteration shall be effected at the expense of the local authority.